Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 20 Februarie 1946. No. 13.

# HONGER BEDREIG HELE WÊRELD

**Ontstellende feite oor die wêreld se voedselkrisis is aan die lig gebring deur die Amerikaanse departement van landbou, berig United Press uit Washington. 'n Algemene hongersnood bedreig alle lande van die wêreld.**

Volgens die verklaring sal die voedselposisie gedurende 1947 nie veel beter wees nie. Die oeste mag groter wees, maar die produksie van lewende hawe sal weens die tekort aan graansoorte nog meer daal. **Slegs die V.S.A. het vanjaar genoegsame voedsel, terwyl Duitsland, Italië en Japan die ergste hongersnood van alle tye in die oë staar. In Oostenryk, Spanje en dele van Pole, Hongarye, Suid-Slawië en Roemenië sal die voedselverbruik waarskynlik 'n derde laer wees as voor die oorlog.**

Die voedseltekort in die Ooste word beskou as een van die wêreld se grootste probleme, hoofsaaklik omdat die beskikbare rys slegs 25 persent van die normale verbruik uitmaak. Benewens die hulp deur Unrra verskaf, sal China ongeveer 1,350,000 ton voedsel moet invoer.

Die produksie van stapelvoedselsoorte het dwarsdeur die wêreld gedaal. Die koring-opbrengs het met agt persent gedaal, die rog-produksie met 15 persent, die rysproduksie met 16 persent en die suikerproduksie met 18 persent in vergelyking met die vooroorlogse opbrengs. Vir die eerste keer sedert die Eerste Wêreldoorlog is die vraag na koring groter as die aanbod.

**Daar is vandag sowat 27 miljoen minder skape en ongeveer 12 miljoen minder beeste in die wêreld as in 1940.**

**Volgens berekening sal Europa tot einde Junie 17 milj. ton koring nodig hê, terwyl daar nie meer as 12 miljoen ton beskikbaar sal wees nie.**

In 'n toespraak voor die algemene vergadering van die Verenigde Volke-organisasie het Ernest Bevin gesê dat die toestand moontlik nog baie kan versleg. „Ek oordryf nie as ek sê dat die toestand werklik verontrustend is nie", het Bevin gesê.

# Pospakkette Kan Nou Regstreeks Gestuur Word

**Berigte wat deur die Komitee vir Noodleniging in Europa ontvang is van die „Society of Friends", wys op die dringende noodsaaklikheid van voedsel stuur vir kinders. Terselfdertyd is aan die Komitee meegedeel dat dit nou moontlik is om pospakkette na Duitsland en Oostenryk te stuur. In verband hiermee moet die volgende reëls gevolg word:**

(1) Die gewig mag nie meer as 11 pd. bedra nie.

(2) **Die inhoud:** alles waarvan die uitvoer nie verbied is nie. (Suiker en tee mag nie gestuur word nie.)

(3) Die adres: (N.B.)

(a) Vir pakkette wat in Duitsland uitgedeel moet word (sonder opgaaf van plek of land):

Officer in Charge,
H.Q. Friends Ambulance Unit,
H.Q. B.A.O.R.

(b) Vir pakkette wat in Oostenryk uitgedeel moet word:
John Whiteman Esq., F.A.U.,
B.R.C. Civilian Relief,
c/o Displaced persons Branch
M.G. (British),
Vienna, Austria, C.M.F.

**Pakkette wat soos bo aangegee geadresseer word, sal as militêre pakkette behandel word en sal 3d. per lb. kos; indien poskantore weens onwetendheid hieromtrent moeilikheid veroorsaak, kan hulle daarop gewys word dat pakkette reeds op dié manier uit Pretoria en Johannesburg gestuur is. Let veral daarop, dat pakkette nie aan private persone gerig mag word nie, en dat die uitvoering van genoemde reëls noodsaaklik is.**

### KOSSOORTE

Om die korrekte samestelling van pakkette te vergemaklik, sluit die komitee die volgende lys in. Dit lê spesiaal nadruk op voedsel en klerasie vir kinders:

Nutrine, melkpoeier, kakao, milo, sjokolade, ovaltine, grondboontjie-botter, jellie-poeier, gedroogde vrugte en rosyntjies, pastrine, konfyt, maizena, lekkers, boerebeskuit, biltong, hawermout, marmite of vitamine, eierpoeier, malt-ekstrak, en glukose, asook wolkomberse, gebreide klere, flennelet- en Interlock-kinderklerasie, seep, salf, medikamente, en ander kinderklerasie.

Deur hierdie nuwe moontlikheid om pospakkette weg te stuur, kan elke mens persoonlik en op die gouste manier iets bydra tot die verligting van die groot nood in Duitsland en Oostenryk.

**Om die herkoms van pakkette aan te dui, stel ons voor dat 'n inhoudsopgawe (in Engels) met die naam van die afsender of die D.A.H.A. en die volgende leuse: „intended for the relief of German civilians only", in elke pakket ingesluit word.**

**Die komitee versoek ook dat hy in kennis gestel moet word van die aantal weggestuurde pakkette, sodat hy enigsins 'n kontrole kan uitoefen.**

**Wat Kaapland betref, moet die pakkette gestuur word na mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.**

**Die adres van Transvaal se komitee is: Vroue-Noodlenigingsfonds, Mezzanine-vloer, Sanlam-gebou, Pretoria.**

### VRYHEIDSDAG

**Op 27 Februarie word Vryheidsdag vanjaar weer soos in die verlede op plegtige wyse gedenk.**

**Aandag van offisiere word bepaal by punt 2 van die vieringsprogram. Die boodskap van die K.G. het in Die O.B. van 9 Januarie verskyn. Dit sal derhalwe nie weer gepubliseer word nie.**

# Toonbeeld van Europese Ontwrigting



**Dis 'n toneel in die hoofstraat van Warschau, die Poolse hoofstad. Perderytuie van allerlei aard word tans opgediep en gretig gebruik as vervoermiddels op die groot straat waar een, voor die oorlog, motors en trolliebusse gewemel het.**

# Kommuniste Het Spioenkring In Amerika

***Getuienis oor 'n opspraakwekkende spioenasie-komplot, wat die „lekkasie van geheime en vertroulike inligting uit Kanada" bewerkstellig het, is Sondag deur die Eerste Minister van Kanada, Mackenzie King, verstrek berig Sapa.***

Daar is 22 Kanadese in verband met die komplot in hegtenis geneem.

**'n Lid van die Kanadese kabinet het reguit gesê dat die vreemde moondheid wat by die spioenasiekomplot betrokke is, Sowjet-Rusland is.**

'n Bekende Amerikaanse joernalis het vandag gesê dat die Russe in Kanada en die Verenigde state 1700 spioene het, van wie hulle die planne vir die atoombom gekry het.

**John Rankin, demokratiese lid van die Amerikaanse Kongres, en lid van die Kongres se komitee van ondersoek na on-Amerikaanse bedrywighede, het verklaar dat 'n „kommunistiese spioenring" in Kanada aan die lig gekom het.**

**„Dit strek deur die hele Verenigde State en werk deur verskeie Kommunistiese Front-organisasies", het hy gesê.**

# UNIE SE GROOT BEHOEFTE AAN KORING — REGERING SKAT MIS

**Hoe kritiek die Unie se voedseltoestand is, blyk uit 'n berig wat uit Londen afkomstig is. Daarin word vermeld dat die Unie voor Junie 225,000 ton koring moet hê.**

Hierdie gegewens is verstrek deur die Britse minister van voedsel in die Laerhuis toe hy aangekondig het dat 'n skip vol koring na die Unie gestuur word in gevolge versoeke deur die Unie se spesiale voedselafvaardiging.

Hy het gesê dat die Unie gedurende die jaar 323,000 ton koring nodig sal hê. **Aanvanklik is die behoefte van die Unie op 50,000 ton geskat en 44,000 ton is aan die Unie in Washington toegesê. Die geweldige verskil wat daar in die Unie se „aanvanklike" beraming was en die behoefte van die volgende paar maande, toon duidelik dat die regering op skandelike wyse gesit en slaap het, onbewus van wat aangaan in sy eie land.**

### VOER NOG UIT

Dit is dan ook geen wonder nie dat die Cape Times van 14 Februarie 'n portret plaas van die Britse vliegtuigdraer Formidable wat besig is om voedsel af te laai wat hy van die Unie af saamgeneem het — **slegs veertien dae voordat min. Waterson sy haastige vlug na Londen onderneem het om voedsel te gaan vra!**

**En onderwyl min. Waterson in Londen besig was om vir die Unie voedsel te vra, het die Britse slagskip King George in Kaapstad 30 ton voedsel opgelaai vir Brittanje as blyk van dankbaarheid vir sy oorlogspoging.**

### PIET RETIEF NOG IN GEBIED E

Na aanleiding van 'n berig wat onlangs verskyn het insake die inskakeling van 'n gedeelte van Piet Retief by Gebied D, is ons versoek om die aandag van offisiere daarop te vestig dat die dorp Piet Retief nog onder Gebied E ressorteer.

# *Arbeidersblad Verwag Samesmelting*

„Die algemene indruk wat daar heers oor die toesprake deur dr. Malan en genl. J. C. Smuts oor eersgenoemde se wantroue-mosie, is dat albei die weg probeer voorberei vir 'n nuwe koalisie met die doel om die vooruitgang van die Arbeidersparty aan bande te lê," skryf die spesiale beriggewer van „Die Weekblad" in 'n artikel.

„In die wandelgange," skryf hy, „is die oortuiging uitgespreek dat die verskil tussen die twee partye uiteindelik opgelos sal word. Die drie partye-toestand laat die volk gedurig twyfel. Vir alle praktiese doeleindes het die Dominion Party reeds van die toneel verdwyn," besluit die blad.

# GEES VAN PARLEMENT IS BEDORWE, SÊ L.V.

## Beroep Op Christene Om te Help

**Die wenk dat Christelike huisgesinne in Kaapstad parlementslede in beskerming moet neem tydens die sitting van die parlement, is gedoen deur mnr. Henning Klopper, L.V., by geleentheid van 'n vergadering van die Calvinistiese Bond van Kaapstad verlede Vrydagaand, waar hy as spreker opgetree het.**

Mnr. Klopper het gepraat oor die plig van die Christen in die staat en beklemtoon dat ons huidige staatslewe ver afgewyk het van wat dit behoort te wees. Dit geld vir sowel die wetgewende as die administratiewe vertakkings. Spr. het voorbeelde genoem van hoe daar veronregting plaasvind in die staatsdiens waar dit dikwels gebeur dat 'n man se bevordering afhanklik is van die hoeveelheid sopies wat hy sy meerdere aanbied. Die toestand kan inderdaad as korrup beskryf word, het mnr. Klopper gesê.

Wat die volksverteenwoordiging in die parlement betref, het spr. gesê dat dit die plig van elke Christen is om te sorg dat hy die regte Christelike manne as kandidate ondersteun. Alleen op dié wyse kan daar invloed in die wetgewende gesag uitgeoefen word. Op die oomblik is die gees in die parlement baie bedorwe. Goeie manne word van die platteland af gestuur na die parlement. Aanvanklik gaan hulle nog kerk toe, maar geleidelik koel hulle af en raak verlore op verkeerde weë. Spr. sê nie daar word baie gedrink in die parlement nie, maar daar is baie min wat nie drink nie. Daar is selfs predikante wat in die parlement dronklappe geword het. Dit is nie reg om hulle net te wil stenig nie. Hierdie toestand kan baie verhelp word indien Christelike gesinne in Kaapstad tydens die sitting in voeling bly met parlementslede en hulle ten goede beïnvloed.

### VERKEERDE STELSEL

Tydens die bespreking is deur 'n lid van die gehoor aangevoer dat die huidige politieke stelsel met sy partywese dit onmoontlik maak vir 'n Christen om die regte manne aan die hoof te kry, want jy moet jou partykandidaat ondersteun en die beste partykandidaat is dikwels die man met die rekbaarste gewete. Die spreker het aangetoon hoe 'n Christelike Minister 'n klousule in die onderwyswet moes verdedig en handhaaf wat belet dat 'n hoër onderwysinrigting navraag mag doen na 'n leerkrag se godsdienstige oortuiging by sy aanstelling, want hy moet let op die mengelmoes kiesers.

Mnr. Klopper het geantwoord dat hy ook baie graag 'n beter stelsel vir sy vaderland verlang, maar tog meen hy dat daar ook binne die huidige stelsel baie meer verkry kan word as elke Christen sy oordeel reg gebruik.

'n Ander lid het die opmerking gemaak dat dit vir hom lyk of die bekering nie in die parlement moet begin nie, maar ten opsigte van die parlement. Die volk moet geleer word dat die parlement self verkeerd is en dat hierdie instelling dit onmoontlik maak om 'n Christelike gesag te laat geld.

Die vergadering is gehou onder voorsitterskap van ds. J. D. Vorster.

---

● Vryheidsdag vra op 27 Februarie van u 'n offer. Die kommando's van die Ossewabrandwag gaan op daardie dag die stryd om 'n nuwe toekoms aanbind.

---

Teken in op Die O.B.

# BY DIE MONUMENT



Tydens die Offisierslaertrek in Bloemfontein het die Offisiere op indrukwekkende wyse hulde gebring aan die 27,000 vroue en kinders wat gesterf het vir die vryheid van hul volk. Die foto toon die vroue in hul netjiese wit rokke besig om die trappies te bestyg, terwyl honderde ander reeds binne in gelid opgestel is.

# Gissings oor Toekoms Van Partye

## BARLOW SIEN VERDWYNING

**„'n Belangrike politieke ontwikkeling het gedurende die wantroue-debat plaasgevind," skryf Arthur Barlow's Weekly in sy uitgawe van 9 deser. „Dit is 'n algehele ommekeer in dr. Malan se beleid wat nou 'n olyftak tot die Engelssprekende Afrikaners rig. Dr. Malan se aanbod aan die Engelssprekende Afrikaners het die ondersteuning van 75 persent van die Nasionale koukus geniet."**

„Die belangrikste vraagstuk wat uit die debat voortgespruit het, is wat mens kan noem die gerugmakende aankondiging van dr. Malan, waarin hy definitief op sy ou voetspore teruggaan en openlik en ronduit verklaar het, dat sy party ondersteuning en samewerking met die Engelssprekendes in Suid-Afrika op 'n 50—50 basis sal verwelkom.

„Die houding van die Nattes gedurende die oorlog is welbekend. Toe dit gelyk het of ons die oorlog gaan verloor, het hulle toenadering met Duitsland gesoek en hulle vyandigheid teen enigiets wat Brits was — selfs teen Suid-Afrikaners van Britse afkoms — was kenmerkend", skryf die blad.

„Die oorlog is nou oor. Daar het nou iets in die Malan-kamp gebeur. Mens kon dit sien kom aan die einde van verlede sitting. Die hoofsweep van die Nasionale Party in die parlement, mnr. Tom Naudé, L.V. vir Pietersburg, het vanaf die voorste bank in die parlement 'n toespraak in die guns van nouer samewerking tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende groepe gelewer. Hierdie toespraak van mnr. Naudé het aanleiding gegee tot 'n bitter aanval op hom deur mnr. Eric Louw, die L.V. vir Beaufort-Wes, een van die bekwaamste leiers van die ekstremistiese groep in die Nasionale Party in die parlement. Vanjaar (slegs 'n paar dae gelede), het mnr. Tom Naudé dieselfde toespraak in byna dieselfde woorde herhaal en Louw wat in die parlement teenwoordig was het nie hierop geantwoord nie. Daar is blykbaar 'n goeie rede hiervoor."

### SAL VERDWYN

„Malan se toespraak was vir my van besondere belang. Malan het eindelik besef dat hy sonder die ondersteuning van die Engelssprekendes in Suid-Afrika nie sal kan regeer nie en nooit Eerste Minister kan word nie."

**„Feit is dat Malan se beleid ten opsigte van die Engelse Suid-Afrikaners nie 'n jota verskil van die Verenigde Party nie."**

„Vir my beteken dit die begin van die opbreking van sowel die Nasionale as die Verenigde Party en die verdeling van Suid-Afrika op 'n duidelike ekonomiese grondslag, eers deur groepe en later deur groot partye."

## OPPOSISIE EN OORLOG

Op die beskuldiging van min. A. M. Conroy tydens die wantroue-debat dat die Opposisie die oorlogspoging sou gedwarsboom het, het kaptein G. H. F. Strydom, volgens Hansard, as volg geantwoord:

**„Op 'n punt van orde, ek wil graag, aangesien die Minister ons almal insluit waar hy sê dat ons alles gedoen het om die oorlogspoging te ondermyn, dit beslis ontken. Ek weet nie van een hier wat dit gedoen het nie. Daardie aantyging is onwaar en 'n leuen."**

## Parlementere Taal

Die gees waarin die besprekings in die parlement plaasvind, blyk duidelik uit die volgende:

Mnr. SERFONTEIN: En jy was lid daarvan. Jy is nou besig om jou eie nes te bevuil.

Mnr. HEYNS: Ek erken dat ek daar was... Wanneer gaan daardie agbare vriend weer huil by die grafte in Brandfort? Miskien sal hy dan erken dat hy ook 'n fout gemaak het.

Mnr. SERFONTEIN: Waar het ek gehuil?

Mnr. HEYNS: By die grafte van Brandfort.

Mnr. SERFONTEIN: Maar jy lieg mos.

(Hierdie woordewisseling kos die belastingbetaler £1-10-0).

---

**In September verlede jaar het die regering die eerste fondamente gelê van sy 6,000 „nasionale huise". Na vyf maande is die eerste „nasionale huis" afgelewer deur 'n kontrakteur in Pretoria wat in Januarie hierdie jaar begin bou en die huis binne 24 dae voltooi het. Op die ander huise wag die daklose burgers nog.**

**Wat skeel daar met die regering se behuisingsprogram as een man sy werk binne 24 dae kan aflewer en die ander kan na 150 dae nog niks lewer nie?**

# ONS HELDINNE GEHULDIG



O.B.-manne-offisiere marsjeer na die Monument by geleentheid van die kranslegging.

# Uit die Kolomme van die Engelse Pers

## RUSSIESE HOUDING GEVAARLIK

Onder die opskrif „Ruwe Diplomasie" spreek die „Cape Times" hom uit oor die Russiese metodes, soos o.a. ook weerspieël word in die kommunistiese agitasies in ander lande:

Die diepe gevoel van dankbaarheid wat die Engelse aan die einde van die oorlog vir Rusland gekoester het, en die wens om die vriendskapsverhouding en samewerking te behou wat deur mnr. Churchill begin is, is besig om weg te krimp onder die voortdurende beklemming van die aanhoudende kritiek en eise en slegte trou afkomstig van die streng beheerde Russiese radio en pers. **Oplettende mense het nie in gebreke gebly om daarop te let, soos Bevin gesê het, dat die Kommunistiese Party en sy pers oral, insluitende dié van hierdie land, hul gedragslyn van Moskou ontvang en te kenne wil gee dat Engeland die wêreldvrede wil saboteer.**

Vriendskap word nie op hierdie manier opgebou nie. As Rusland in harmonie wil saamwerk met die ander moondhede, moet hy 'n nuwe tegniek en diplomasie aanleer. **Dit is tyd dat hy leer dat as hy voortgaan met sy ingeslane onversoenbare houding, hy die Verenigde Volke uit mekaar sal skeur. As Rusland voortgaan om sy eie weg in te slaan, en nie deur die Veiligheidsraad verhinder word nie, sal die liggaam in 'n klug verander.**

„Enigeen met 'n bietjie insig weet dat Rusland strategiese oogmerke in die Midde-Ooste en in die oostelike Middellandse See het, en dat hy die Griekse probleem as 'n diplomatieke spel opwerp oor die kritiek op sy Persiese beleid. As hierdie soort van ding voortgaan het die Verenigde Volke baie min kans om voort te bestaan", besluit die blad.

* * *

## Glad Nie So Bekend

Hoewel hy dit „ekstremisties" vind van die Afrikaanse pers om voorblad-nuus van die Bower-dokument, met sy verdoemende onthullings oor Chamberlain en Rhodes te maak, beskou die Illustrated Bulletin dit belaglik van die Engelse pers in ons land om die dokument dood te swyg met die verskoning dat dit niks nuuts bevat nie.

„As die gesaghebbende feite wat deur sir Graham Bower opgeteken is, dat Cecil Rhodes sowel as sir Joseph Chamberlain ten volle ingelig was omtrent die voornemens van dr. Starr Jameson, nie eerstegraadse geskiedkundige onthullings is nie, dan het ek my tyd verkwis deur al die beskikbare feite in verband met hierdie deel van ons geskiedenis te bestudeer", verklaar die skrywer en voeg daaraan toe:

**„As die dinge wat sir Graham Bower ons nou meedeel, wel bekend was, watter moontlike verskoning kon daar gewees het om Jameson voor 'n Britse hof te sleep sonder Chamberlain en Rhodes?"**

# Wil Hongersnood Tot Duitsland Beperk

Die grypkloue van die Europese winter, vererger deur die groot gebrek aan voedsel, is besig om toe te slaan op miljoene ongelukkiges wat die einde van hierdie winter nie sal beleef as uitredding en hulp nie sonder versuim aan hulle verleen word nie. Honderd-en-dertig miljoen staan vandag hongersnood en inwag sonder dat hulle hul eie posisie kan verbeter.

Meer as 125 milj. mense moet hierdie winter lewe op minder as 2 000 kalorieë en 28,000,000 persone op minder as 1,500 kalorieë, terwyl mens ongeveer 3,000 eenhede nodig het om gesond te bly, het Dean Acheson, Amerikaanse onderminister van buitelandse sake, gesê, volgens Reuter uit Washington berig.

Daar is 'n geweldige tekort aan koring en indien die hoeveelhede nie aangevul word nie, sal Europa op 'n ramp afstuur. Alleen 'n wonderwerk sal die lewens van hierdie mense kan red. Hy het verklaar dat daar besluit sal word of die voedsel so verdeel moet word dat hongersnood slegs tot Duitsland beperk of tot oor die hele Europa versprei word.

## Duitse Weerstand

Die polisie ontvang al meer onbevestigde berigte dat Martin Bornmann, een van Hitler se belangrikste luitenante aan die hoof van die ondergrondse Edelweiss-organisasie s t a a n, berig Sapa-United Press uit Berlyn.

Volgens die berigte stuur hy die organisasie uit 'n skuilplek in die suide van Duitsland. Die Edelweiss was die gunstelingblom van Hitler. Op die oomblik tree die organisasie op oor die hele Duitsland.

In die Neurenbergse hof is 'n aanklag teen Bornmann uitgereik, maar hy is nog nie gevind nie.

## Duitsers Nog Vies Vir Kommunisme

In die onlangse Munisipale verkiesings in Duitsland het die Kommuniste 'n volslae neerlaag gelei. Die skrikbewind van die Rooi troepe in Duitsland het die kommunisme vir 'n tyd altans, die nekslag toegedien.

Daar was geen buitengewone belangstelling in die verkiesings nie. Meer as 325,000 Duitsers is die stembus verbied omdat hulle Nazi-gesind sou wees.

Die Onafhanklike Party en nie-partygesindes het 34,616 setels uit die totaal van 70,528 verower. Die Christelike Sosiale Unie het 23,559 setels verower, die Sosiale Demokrate 10,651, die Liberaliste 1,042, terwyl die Kommuniste maar net 'n karige 600 setels gewen het.

In sy oorsig van wêreldtoestande beklemtoon die Britse joernalis Kenneth de Courcy egter dat hierdie terugslag van die kommunisme net tydelik sal wees.


**Paarl Monumentale-Werke**
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlman - M. Bohlman
Gevestig 1898

**SCHOEMANELLO DRANK**
Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. | 1/9 | 8/6 |
| Woe ster Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROë WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. | 1/8 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos .. .. .. .. | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN.**
POSBUS 142, OUDTSHOORN

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE**
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND



WAARDE VIR GELD

**EERSTE NUUSTYDSKRIF IN AFRIKAANS**

**Verskyn Weekliks vanaf 1 April**

**WAPENSKOU**

'N OMVATTENDE EN INSIGGEWENDE OORSIG VAN BINNELANDSE EN BUITELANDSE GEBEURE AANTREKLIK OPGESTEL DEUR VOORAANSTAANDE DESKUNDIGES en JOERNALISTE

Intekengeld (vooruitbetaalbaar):
12/6 per jaar.
£2-10-0 vir 5 jaar.
£4-10-0 vir 10 jaar.
£10 Lewenslank.

Stuur nou onderstaande intekenvorm aan:
W A P E N S K O U (EDMS.) BPK.
Posbus 28
STELLENBOSCH

Naam: ..............................................
Adres: ..............................................
..............................................
Intekengeld: ..............................................

*INGEVOERDE D.D.T.*
*in*
*OUTOMATIESE SPREIER*
*Aerosol-Bom Insektemiddel*

**DIE KOPERSBOND BEPERK**

kan met genoeë aankondig dat 'n verskeping van bovermelde D.D.T. binnekort beskikbaar sal wees. Hierdie nuwe proses is die ENIGSTE DOELTREFFENDE metode vir huishoudelike gebruik en was deur die V.S.A.-Weermag gebruik in die Ooste gedurende die oorlog.

*Geen huisvrou kan sonder hierdie wonderlike insektedoder klaarkom nie.*

AEROSOL-D.D.T. word onder hoë druk met Freonaerosolgas gemeng in 'n staalhouer. Die houer is voorsien van 'n klep wat verstelbaar is ooreenkomstig die grootte van die kamer. Wanneer die klep oopgemaak word, ontsnap net genoeg vloeistof in die vorm van mistigheid om die mure ens. van die kamer heeltemal te bedek. Geen vermorsing vind plaas met hierdie metode nie.

*Plaas u bestellings NOU om teleurstelling te voorkom.*

Ons is ALLEEN-AGENTE vir: Suidelike Afrika, insluitende Kenia, Rhodesië, Mozambique en Belgiese Kongo.

**DIE KOPERSBOND BEPERK**

Posbus 8363 — JOHANNESBURG.
Posbus 2120 — KAAPSTAD.
Posbus 468 — WINDHOEK (S.W.A.)

DIE O.B., WOENSDAG, 20 FEBRUARIE 1946.

# „Es Ist Verboten"

Voor en tydens die oorlog is daar veel gespot met die beperkings wat daar in Duitsland gelê was op wat die liberalistiese demokrate onder vryheid verstaan. Die Duitse burger is bejammer omdat hy belet was om sy buskaartjie in die straat weg te gooi of sy tafelafval sonder meer op die ashoop te werp, dog dit ter beskikking van die anti-verkwistingsorganisasie moes stel.

Dat sogenaamde „anti-waste"-organisasies ook later in ons land opgeduik het, het die gespot nog nie laat bedaar nie — dit was op vrywillige, d.w.s. demokratiese grondslag. **Dat die Suid-Afrikaanse burger tydens die oorlog deur middel van regulasies verbied was om met sy koerant, wat hy vir 2d. gekoop het, 'n vuurtjie aan te steek of dit selfs maar as 'n behangsel in die spensrak te gebruik, was oorgesien as 'n noodmaatreël.**

**Dat daar in Duitsland sedert sy verminking in 1919 'n voortdurende noodtoestand geheers het onder steeds-wisselende partypolitici, is van demokratiese kant nie raakgesien nie. Inteendeel, die noodmaatreëls wat die Hitler-bewind aangewend het om sy volk uit die chaos te red, is tot 'n oorsaak van oorlog gemaak. Die Duitse volk moes verlos word van 'n diktatuur en weereens begiftig word met die weldade van die parlementêre demokrasie.**

## DIE PRYS

Suid-Afrika het 9,000 lewens en £500 miljoen bestee om die Duitse volk te verlos van die juk van „verboten" en ons eie volk van so'n moontlikheid te vrywaar. Maar vandag is dit „verboten" vir 'n boer om 'n trossie druiwe aan sy vriend te verkoop; dit is „verboten" om 'n hamel sonder verlof na die mark te stuur; dit is „verboten" om meer as 300 myl per motor in 'n maand te ry; dit is „verboten" om wit brood te eet; dit is „verboten" om Woensdae vleis op tafel te hê; dit is „verboten" om meer as 'n maand se voorraad suiker in die spens te hê, en dit is „verboten" om meer botter te koop as wat in 'n week verorber kan word.

Ja seker, maar dis mos die gevolge van die oorlog wat gevoer is om Duitsland en Suid-Afrika te verlos van die juk van „verboten" en moet dus as 'n blye las gedra word! Ons „verboten" is tog immers die las van opoffering om 'n ander volk daarvan te bevry!

**Die verskil tussen Duitsland se „verboten" onder die Hitler-bewind en die Unie s'n onder die Smuts-bewind, lê egter hierin: Die Duitse regering het dit gedoen ten einde sy eie volk se lewenspeil met 20 persent te verhoog — soos kort gelede uit Amerika erken is. Die Unie-regering daarenteen doen dit om die lewenspeil van die Britse, dit wil sê 'n vreemde volk, te verhoog.**

## Afrikaner Kry Plek In Handel

„Die Afrikaner het sy identiteit in die handelswêreld laat geld. Dit is moontlik gemaak deur die positiewe beleid van die Afrikaanse Handelsinstituut waardeur die status van die Afrikaanse sakeonderneming so verhoog is, dat dit vandag sy regmatige plek in die handelswêreld inneem. Deur buitengewone vordering het ons vandag die finale stadium bereik," het mnr. J. G. van der Merwe, voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut, in sy toespraak voor die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer verlede week verklaar.

„Met die oortuiging dat hierdie positiewe beleid die regte is, het ons ons teenstanders getoon waarvoor ons staan en wat ons wil."

**Die Afrikaanse Handelsinstituut het verskillende ontwikkelingstadiums deurgemaak en dit beskik vandag oor sakekamers in al die groot stede van ons land en ook op 'n aantal kleiner plekkies. Vandag kan die Handelsinstituut reeds aan die Afrikaanse sakeman wat tot die handel toetree, beskerming en voorligting verskaf.**

Verwysende na 'n ekonomiese tradisie wat geskep moet word, het spr. gesê dat eerlikheid die basis daarvan moet vorm. „Dit is noodsaaklik vir die regte atmosfeer."

Die Gefedereerde Kamers van Koophandel het so pas tot 'n verstandhouding met die Handelsinstituut gekom, waarby erken is dat albei liggame nodig is vir die voortbestaan van die handel. In 'n gees van heelhartigheid is besluit dat 'n interkomitee bestaande uit vyf lede aan albei kante sal optree waar dit gemeenskaplike sake raak.

Ook met die Landbou-unie is 'n ooreenkoms bereik wat sal verseker dat die handel en landbou saamwerk en mekaar aanvul.

## Reisplan van die K.G.

### Dr. J. F. J. van Rensburg

| | |
|---|---|
| BEAUFORT-WES . . . . . . . . . . | Vrydag 8 Maart, om 8.15 n.m. |
| WILLOWMORE . . . . . . . . . . | Saterdag, 9 Maart, 10.30 v.m. |
| OUDTSHOORN . . . . . . . . | Saterdag, 9 Maart, 8.15 n.m., Stadsaal |
| CALITZDORP-GAMKA . . . . . . . | Maandag, 11 Maart, 8.15 n.m. |
| GROOT-BRAKRIVIER . . . . . . . . | Dinsdag, 12 Maart, 8.15 n.m. |
| WITTEDRIFT . . . . . . . . . . | Woensdag, 13 Maart, 2.30 n.m. |
| KNYSNA . . . . . . . . . . | Woensdag, 13 Maart, 8 n.m. |
| MIDDELRUG . . . . . . . . . | Donderdag, 14 Maart, 2.30 n.m. |
| GEORGE . . . . . . . . . . | Donderdag, 14 Maart, 8 n.m. |
| HEIDELBERG (K.P.) . . . . . . | Vrydag, 15 Maart, 8 n.m., Stadsaal |
| CALEDON . . . . . . . . | Saterdag, 16 Maart, 8 n.m., Blomskuur |

**ALLE BELANGSTELLENDES HARTLIK WELKOM.**

(Die plek van byeenkoms sal plaaslik aangekondig word)

# Agterdog en Wantroue Tussen die Bondgenote Van Gister

**Terwyl die wêreldgebeure van die jongste tyd in die teken van 'n aaklige voedselkrisis, van hongersnood en hongerdood staan, word die mensheid so stadigaan gewoon aan die kroniese wantroue en agterdog tussen die Russe aan die een kant en die Angel-Saksers aan die ander kant. Hierdie gevaarlike en sekere voorteken van 'n toekomstige oorlog het reeds in die Bolsjewistiese rewolusie tydens die eerste Wêreldoorlog sy moderne oorsprong gehad. 'n Tweede Wêreldoorlog was egter nodig, ten spyte van 'n gemeenskaplike bondgenootskap teen 'n gemeenskaplike vyand, om die gevare van 'n derde Wêreldoorlog tussen die „bondgenote" van gister en die „verenigde volke" van vandag steeds dreigender te maak.**

### SUBTIELE ANGEL-SAKSIESE PROPAGANDA

Vir diegene, soos ons in Suid-Afrika, wat binne die Angel-Saksiese invloedsfeer leef, is dit al 'n uitgemaakte saak dat die Rusland van vandag die allenige oorsaak van alle internasionale wrywing is. Die propaganda van die Angel-Saksers is op alle moontlike maniere besig om die wêreldmening teen Moskou te beïnvloed. As 'n internasionale konferensie misluk, dan kry die Russiese afgevaardigdes die skuld; as daar in Pole, Iran of Griekeland binnelandse onluste uitbreek, dan word daar in Washington en Londen op subtiele wyse gesuggereer of geïnsinueer dat die Russe 'n hand daarin het; as die Bolsjewiste aanspraak maak op invloedsfere buite hul eie grense, dan bestempel die Angel-Saksiese propaganda dit as ongeregverdigde Russiese imperialisme. Dit is nie onwaarskynlik nie dat selfs binnelandse nywerheidskrisisse in Angel-Saksiese lande eersdaags aan Moskouse aanhitsing en knoeiery toegeskryf gaan word. Dit is in elk geval duidelik dat Rusland in die Angel-Saksiese propaganda hoe langer hoe meer die plek van Hitler se Duitsland inneem. Soos Berlyn sedert 1933 die voorwerp van Amerikaans-Britse agterdog en wantroue was, so is Moskou vandag die sondebok wat in Washington en Londen vir 'n groot gedeelte van die wêreld se na-oorlogse sorge verantwoordelik gehou word.

### 'N AMERIKAANSE MENING OOR RUSSIESE AGTERDOG EN WANTROUE

Hierdie steeds groter wordende wolk van Angel-Saksiese agterdog en wantroue ten opsigte van die bondgenoot van gister, vind bevestiging in die opspraakwekkende werk van W. L. White. In sy „Report on the Russians" gee hierdie Amerikaanse joernalis, wat die land van Stalin in 1944 besoek het juis toe die Angel-Saksers aan die Normandiese kus land, 'n baie lesenswaardige beskrywing van Rusland en sy mense. White maak aan die een kant met kwistige hand gebruik van die heuningkwas — miskien doen hy dit om aan sy werk die skyn van onpartydigheid te gee — maar aan die ander kant wemel dit van kritiek teen die Russiese kommunistiese stelsel in al sy verskillende aspekte.

In sy kritiek het die Amerikaanse joernalis dit veral teen die Russiese gewoonte om vreemde besoekers, selfs al is hulle bondgenote, noukeurig te bewaak, om hulle te verhinder om die gevegsfronte te gaan besoek of om met die Russiese volk as sodanig in aanraking te kom. Volgens White word die vreemde besoeker as 't ware geblinddoek as hy in Rusland kom en word hy alleen toegelaat om te sien en te weet wat die Russiese owerheid gewillig is om hom te laat sien en weet, en dit is vir die weetgierige joernalis nie veel nie.

Volgens White word vreemde diplomate in Moskou net so sorgvuldig gekerker (closely imprisoned) as vreemde korrespondente. Die Britse gesant in Moskou kon b.v. nie van die Russiese owerheid verlof kry om buite die hoofstad te reis nie. 'n Ander diplomaat in Moskou, nogal die verteenwoordiger van 'n linksgesinde bondgenoot, beweer teenoor White dat die Russe hom met feesmale en onthale oorweldig, maar hom nie toelaat om iets te sien nie. Volgens die Amerikaanse joernalis word vreemde besoekers in Rusland gewoonlik as spioene behandel en informasie oor en 'n besoek aan oorlogsfabrieke word deur Sowjet-amptenare selfs aan Russiese bondgenote botweg geweier.

Volgens White sou die Russe vandag aan 'n kroniese geestelike krankheid, bekend as „paranoia", ly. Die Rus sou in sy onderbewussyn 'n diep gevoel van haat teenoor die buitewêreld koester. Hy sou glo dat die buitewêreld teenoor alles wat Russies is, vyandig staan, dat hy omsingel is deur nare

**Buitelandse Oorsig**

intriges, vergif-komplotte en spioenasie-ringe. Aldus joernalis White in sy „Report on the Russians".

Sedert hierdie werk geskryf is, het die Bolsjewistiese Rusland seer seker nie 'n beter vriend van die buitewêreld geword nie. Ten spyte van 'n gemeenskaplike oorwinning, 'n legio internasionale konferensies en die ontbinding van die Komintern, is dit nog met diepgaande agterdog en wantroue dat Rusland nie alleen die buitewêreld as sodanig, maar veral sy bondgenote van gister betrag. As joernalis White vandag Rusland as 'n kroniese kranksinnige beskryf, dan moet dit nie vergeet word nie dat veral die Angel-Saksers gehelp het om hierdie Trojaanse perd, hierdie moderne Frankenstein binne die mure van die Westerse beskawing te sleep. Die groot toets vir die „Verenigde Volke" moet nog kom wanneer daar om die konferensietafel oor toekomstige landsgrense en invloedsfere beslis sal moet word.

Maar het die Russe dan nie rede om agterdogtig en wantrouig teenoor hul bondgenote van gister te wees nie? Is die Bolsjewistiese Rusland in die verlede nie as 'n verstoteling, as 'n melaatse deur die Angel-Saksers behandel nie? Word dieselfde agterdog en wantroue wat in die Russiese kamp gesoek en gevind word, ook nie by die Angel-Saksers aangetref nie?

Die volgende keer meer oor die Russiese standpunt.

## VRYHEIDSDAGVIERING

**(AMAJUBA-DAG)**

●

Die

Skiereilandse Generaalskappe

vier

**VRYHEIDSDAG**

op

**Woensdag, 27 Februarie, om 8 n.m.**

in die

**EBENEZER-SAAL — MAITLAND**

**Bevelvoerende offisier: H/Genl. Dr. F. D. DU T. VAN ZYL.**

PROGRAM:

***Opvoering van die Kantate en O.B.-Blaasorkes***

***Verslag van die Uniale Laertrek sal gedoen word***

**DIT IS BEVEL DAT ALLE OFFISIERE EN BRANDWAGTE TEENWOORDIG MOET WEES.**

**BELANGSTELLENDES EN VRIENDE WORD HARTLIK UITGENOOI.**

## AMAJUBAFEES

*word feestelik gevier op*

**KLIPKOPPIES**

**Pretoria**

***SATERDAG, 2 MAART 1946***

*vanaf 2 n.m.*

●

***SPREKER:***

***DR. HANS VAN RENSBURG***

●

***Donker dae is verby — maar nog donkerder dae lê voor. Die dreigende gevaar, Kommunisme, klop aan u deur. Kom dra u deel by en sterk die hande van u Volksbeweging.***

# See Kan Dalk Daar Opdroog

## Gissings oor Uitwerking van Atoombom

**Wat gaan die gevolge wees van die Amerikaanse proefnemings met atoombomme in die Stille Oseaan? Die V.S.A. is voornemens om van Meimaand met sy proefnemings te begin. Drie bomme sal gelos word — een in die lug, een bo die water en een diep in die see.**

Daar word op groot skaal gespekuleer oor wat die uitwerking en gevolge van die atoombom op die skepe en water sal wees. Sommige meen dat die see op daardie plek sal opdroog en dat die skepe sal smelt as gevolg van die geweldige hitte wat deur die bomme ontwikkel word. Ander meen dat die radio-aktiewe water wat in die lug sal opspring, die dood van duisende persone sal veroorsaak as dit op die aarde neerkom.

**Ondersoek van die waters by Hirosjima en Nagasaki na die bombardering het egter aan die lig gebring dat die waters geen chemiese verandering ondergaan het nie. Ook is skepe wat in die hawe na aan Nagasaki was, nie veel deur die bom geaffekteer nie, maar dis vasgestel dat die bom wanneer dit ontplof, 'n hitte van een biljoen grade Fahrenheit afgee. Staal smelt reeds by 3000 grade Fahrenheit.**

Twintigduisend man is tans besig om die voorbereidingswerk te doen vir die versinking van sewe-en-negentig skepe. Die eerste bom word in Mei afgegooi deur 'n loods wat in die geheim opgelei word. Dit sal so bewerk word dat dit 'n paar honderd voet bo die wateroppervlakte ontplof. In Julie sal die tweede bom tussen die skepe gegooi word, sodat dit net bokant die oppervlakte van die water ontplof. Verwag word dat dit al die skepe sal laat omkantel en sink.

Die volgende bom sal toegelaat word om onder die water te ontplof.

**Dit sal die hoogtepunt van die proefneming wees. Dit sal branders van honderde voete hoog veroorsaak. Wetenskaplikes het die mening uitgespreek dat as gevolg van die geweldige hitte 'n groot deel van die water sal verdamp en in gasse verander. Die skok deur die ontploffing veroorsaak, sal duisende myle daarvandaan gevoel kan word. Die oseaan sal geskud word bo die perke van menslike denke. Deur sommige word 'n vloedgolf gevrees wat op die naburige land kan aanstorm en groot skade veroorsaak.**

## Net £1,000,000

In die toespraak van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, voor die Offisierslaer in Bloemfontein het 'n drukfout verskyn wat 'n skewe indruk laat omtrent die Afrikaanse pers. Genl. Smith het gesê dat die gesamentlike kapitaal van die Afrikaanse pers wat teenoor die O.B. staan, £1,000,000 is, en nie £15,000,000, soos dit daar verkeerdelik staan.

# Noodhulpfonds Is Prestasie van Die O.B.

**Ongeveer vier jaar gelede toe die vervolging van Afrikaners op sy ergste was, het die K.G. opdrag gegee om die Noodhulpfonds te stig, het genl. G. Cronje gesê, in sy verslag oor Noodhulp aan die Offisierslaer Bloemfontein. Die N.H.F. het gedurende die tydperk £85,000 beskikbaar gestel vir die vervolgdes en hul afhanklikes. Dit word verwag dat die beraamde uitgawe aan Noodhulp in 1945 sal daal tot £500 per maand. In die Sentrale Gevangenis is nog 31 Afrikaners en in die Fort een.**

Die Noodhulpfonds het 945 huisgesinne en eenlopende persone gehelp. Altesaam het 4,750 persone hulp ontvang. Die geld is bestee aan werkverkryging vir gesinshoofde, onderhoud vir huisgesinne waarvan die broodwinner in die kamp of tronk was, beskerming van eiendom en huisraad, opbetaling van versekeringspolisse, mediese hulpverskaffing (die N.H.F. sorg vir die oë en tande van gevangenes), koste aan vervoer van meubels, reiskoste van vroue en moeders van en na die kamp en tronk, en aan bystandhulp vir losgelatenes tot heropname in die gemeenskapslewe.

### O.B. SE PRESTASIE

Hoewel die imperialistiese vervolgingsaanslag hoofsaaklik brandwagte getref het, het die N.H.F. nie net hulp aan O.B.-lede verleen nie, maar aan almal wat die slagoffers geword het van vervolging. Tog moes die O.B. die Noodhulpfonds alleen dra. Ten spyte van beroepe is van geen enkele organisasie hulp verkry nie. **Die N.H.F. is die O.B. se prestasie. En hierdie prestasie is verkleineer, die Noodhulp-pogings beskinder en gedwarsboom deur mense van wie verwag kan word dat hulle sou help. Die koerante van die Herenigde Party het selfs betaalde advertensies van die Noodhulpfonds geweier!**

Ten spyte van skinderpraatjies en skimpe kan die Noodhulpfonds rekenskap gee van die insameling en besteding van elke pennie. *Die Transvaler* het met die seën van die H.N.P. 'n Hulpfonds vir Geïnterneerdes gestig. £3,500 is ingesamel. Daar is nog nie rekenskap gegee van hierdie geld nie.

### OPGETEKEN VIR DIE NAGESLAG

**Die Noodhulpfonds gaan ten slotte ook sorg dat die lyding, opofferings en vervolging van ons mense gedurende die oorlogsjare nie vergeet word nie. Daar sal 'n boek saamgestel word waarin die heldemoed van die vrou en die kind opgeteken sal word. Insgelyks sal daar 'n boek oor Koffiefontein saamgestel word wat die trou van die man in ewige herinnering sal roep.**

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



A. J. SCHUTTE.

**Betrokke in die Hoogverraadsaak saam met 51 ander. In hegtenis geneem 29 Januarie 1942 en in die Pretoria-Sentrale Gevangenis opgesluit tot Maart 1943. Daarna geïnterneer en op 12 Oktober 1943 losgelaat. Onder plaasarres tot April 1944.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie."**


## Adverteer In Ons Kolomme

Ons wil dit onder ons lesers se aandag bring dat u van ons geklassifiseerde advertensiekolomme gebruik kan maak om u bekendmakings te doen of enige ware te adverteer. Die advertensiewaarde van ons blad is hoogstaande en alles wat u publiseer, kom onder die aandag van duisende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

## Let op Wie in Hierdie Blad Adverteer — Ondersteun HULLE

## ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

—o—

GARAGES EN HANDELAARS

—o—

Vir Diens te:

Robertson — Montagu

Ashton — Bonnievale

Koebergweg, Brooklyn

Kaapstad — Laingsburg

## NUWE VOLKSPELE-HANDLEIDING

Tweede amptelike uitgawe van die RDB.

Opgestel deur mev. C. de Ridder en goedgekeur deur die Uniale Raad vir Volkspele en -Sang.

Bevat 23 pragtige nuwe spele met woorde en musiek.

Gedruk op pragtige kunspapier en bevat linneband- en stofomslag.

Hierdie handleiding, wat elke neef en niggie moet hê, kan bestel word van:—

*DIE RDB-DIENSBURO*

(EDMS.) BPK.

Posbus 7714 — Johannesburg

**Prys 6/6 per eksemplaar posvry**

## A.V.B.O.B

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers**

**Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**130 Takke**

## *KUNSKALENDERS*

***Versier u Kantoor en/of Studeerkamer met die RDB-Kunskalender vir 1946***

- Agterblad kleurvol en 'n getuienis van goeie smaak.
- Maandblaaie ryklik geïllustreerd met passende oorspronklike spreuke.
- 'n Ware bondgenoot vir voorspoed in die nuwe jaar.

**Bestel van:**

*DIE RDB-DIENSBURO*

(EDMS.) BPK.

Posbus 7714 — Johannesburg

**PRYS: 1/6 Posvry.**

## PRESIDENT MOTORS

**BEPERK**

vra:

## Kies Vandag ! !

**óf Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele**

**óf Gewaarborgde 5 pst. Diwidend deur Preferente Aandele**

| | |
|---|---|
| 300,000 Gewone Aandele, 5/- elk | £75,000 |
| 25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk | 25,000 |
| Huidige Geoutoriseerde Kapitaal | 100,000 |
| Reeds Uitgegee 46,000 Gewone | 11,500 |

**Geen** KONTROLE ! ! !

SPESIALE STEMREGTE ! ! !

**Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.**

**Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.**

Doen aansoek by:

**DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.**

***Die geleentheid waarop u Gewag het***

# ASOKOR BEPERK

BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID

*Direkteure:* Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

*Hoofbestuurder:* P. J. Kruger.

KAPITAAL:

| | |
|---|---|
| 4,000 Gewone £25-aandele | £100,000 |
| 150,000 Gewone £1-aandele | £150,000 |
| | £250,000 |

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.

1943 — 1944 Diwidend 4%

1944 — 1945 Diwidend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

*DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.*

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

*Verkry die prospektus en ander inligting by:*

DIE SEKRETARIS,

Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d per woord, minimum 4/- per plasing. sing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

## GEBOORTE

LIEBENBERG. — Piet en Salome (Kloppers), 'n dogter op 14 Februarie. Dank dokters en die personeel van die Delherbe Verpleeginrigting.

## VERLOWING

GROBLER — PRETORIUS. — Hiermee wens ons twee, Annatjie, oudste dogter van Mnr. en Mev. P. D. Pretorius, van Rietfontein, en Willem, Hoofwag-kommandant van F5, oudste seun van Mnr. en Mev. N. Grobler, van Apieskraal, aan alle vriende (inne) bekend te maak dat ons op 1 Februarie 1946 verloof geraak het.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2

## DANKBETUIGING

My innige dank aan al die vriende en kamerade van wie ek soveel gasvryheid ontvang het gedurende die jaar wat ek op vlug was. Die liefde en trou wat u aan my bewys het was vir my 'n groot inspirasie. Ook aan al die offisiere en brandwagte wat my vrou so trou bygestaan het, ons innige dank. — DANIE ERASMUS en Fam.

## ELEKTRIESE WAKE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

## PERSOONLIK

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelinge vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU," Bus 7559, Johannesburg.

MARKAGENTSKAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

## VAKANSIEPLAAS

VAKANSIE. — Vir genotvolle vakansie, kos volop, ruim kamers, die paradys vir verliefdes, die rusoord vir vermoeides, billike terme. — Mev. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal.

## BENODIG

'N BLANKE ONGETROUDE VOORMAN vir algemene plaasboerdery. Moet in besit wees van bestuurderslisensie. Tree dadelik in verbinding met Mnr. SIAS DU TOIT, „Wysersdrift", Goudiniweg.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriesetoestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9.8435.

## TE KOOP GEVRA

BENODIG. — Enige getal op tot 600 Persie- of Karakoel-ooie. Gee laagste prys en volle besonderhede van ouderdom, kondisie en of in lam, en kruising. — HAARHOFF, Bus 115, GRAAFF-REINET.

HAELGEWEER. — Dubbelloop, 12 Boor, van enige fabrikaat. Besonderhede aan: G. FABRICIUS, Lemoensbock, BARRYDALE.

## TE KOOP

ANGELIERPLANTJIES. — Reuse Chabaud (Amerikaanse Saad). Aflewering April-November. Gemeng. Vleiskleur, Geel, Skarlakenrooi, 3/6 per dosyn, 15/- vir 100, £6-10-0 vir 1,000. Kontant met bestelling. — SAFARI-BLOMKWEKERY, Posbus 66, STELLENBOSCH.

ANGELIERPLANTJIES. — Pragtige Sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

BULLE. — Dunbar Rooi Poenskoppe (Red Polls), dubbel-doel, geregistreerde jong bulle van ingevoerde Knepp Solicitor; gehalte beter en pryse laer as ooit tevore.
Besonderhede van: ENSLIN, P.K. Gloria, Middelburg, Tvl.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseerde Groentesaad direk van die produsent: Vroeë Kaapse Plat Ui, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. Skryf vir volledige Pryslys.—KAROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN.

HANDGEMAAKTE SKOENE. — Op aanvraag gemaak: Handgemaakte Riempienaat Veldskoene. Kroom Leer en Sole. Werk verrig deur Eienaar en Blanke Arbeid alleen. Tevredenheid en Kwaliteit gewaarborg. — Skryf: W. KERSHOFF, Voortrekkerstraat, CERES, K.P.

HOUT. — Grofgesaagde S.-Afrikaanse dennehout: Insignus. Lengtes van ses tot sestien voet. 2 x 3 @ 4d., 1½ x 4½ @ 4½d., 1½ x 6 @ 6d. per lopende voet. Onmiddellike aflewering te George-stasie. Ander mate en lengtes op aanvraag. — J. F. MEYER, Blanco.

KAROO-KRAALMIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, om nie minder as tien ton te neem nie. Kontant met bestelling, gelewer op Middletonstasie.—T. C. NEL, Golden Valley.

LAXTON'S NOBLE AARBEIE. — Suikersoet groot rooivrug, oorvloedige draer. Sterk gekweekte plante vir Febr.-April planttyd verseker smaaklike betalende vrugte vroeg in die Voorjaar. 3/- per dos., 7/- per 50, 10/6 per 100, £4 10/- per 1,000, posvry. Kontant met bestelling. Voorkom teleurstelling deur u bestelling nou te plaas vir ons beroemde swaardraende VRUGTEBOME en bekoorlike ROSE. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, POSBUS 660, JOHANNESBURG.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees versekcr van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — PETRA-MEUBELS, BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

PERD. — 17 hande, Ligbruin, nege jaar oud, mak, maar lewendig, geskik in kar, trollie en onder man. 'n Pasloper, £32/10/- gelewer op my stasie. — J. HERBST, NABOOMSPRUIT.

RAMME. — Gladdelyf Merinoramme (6 tande) vir onmiddellike gebruik. Mooi en in goeie kondisie, teen £6 stuk. — H. F. VORSTER, MOTKOP.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florisbad Soutwerke.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, Kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. Florisbad.

„SUPERIOR" OLIVIER KORINGPLANTER, 11 ry, in werkende orde, nuwe skare, £30. Gelewer op Harrismith-stasie. — J. NAUDE, Bus 3, HARRISMITH.

TREKKER. — Nog verskeie tweedehandse spaardele, in goeie toestand, vir McCormick-Deering 10/20 1930 Standaard Trekker. — P. A. BOULOGNE, „Deelpan", P.K. Bloemfontein.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

## *NOODHULPFONDS*

**GEBIED „A".**

**Vanaf 25 Des. 1945 tot 25 Jan. 1946.**

Kommando A: 1a3, £5.10.9; Vriendin, Kaapstad, £1; 9a2, £12; 10c1, £2; 8b3, £3.2.6; Anti-„Democrazy," £10; 8b1 en 8b6, £4.16.3; 14a6, £1.10.1; 3b1 en 3b6, £31.8.6. **Totaal £71.8.1.**

**GEBIED „B".**

**Januarie 1946.**

Kommando B: 8a6, £1.11.4; 2c6, £5; 2b7, £2.15.6; Generaalskap B8, 2. **Totaal £11.6.10.**

**GEBIED „F".**

**Januarie 1946**

Kommando F: 1a1, £7.2.9; 1a3, £7.5.6; 1a2, £10.6.0; 2c6, £6.6.6; 3c1, £11; 4a2, £1.7.0; 4a3, £7.4.0; 4a7, £2.16.3; 4b1, £3.1.0; 4b1, 15.6; 4d8, £6.13.0; 4b7, 17.0; 4c1, £12.18.0; 4c6, £28.17.6; 4d3, £2.7.6; 4d7, £9.0.6; 4d7, 13.0; 4d7, £2.9.0; 4d8, £5.5.0; 4d6, £1.8.0; 4d3, £9.12.0; 5a1, £8.7.0; 5a2, £1.8.6; 5a6, 8.7.0; 5b2, 10.0; 5b3, £1.18.6; 5b8, £1.0.3; 6a2, £1.17.0; 6a7, £1.17.0; 7a1, £3.18.9; 7a1, £7.13.10; 7a6; £7.13.11; 7b2, 12.0; 7a6, £4.2.0; 7b2, £10.6.0; 7b8, £1.15.3; 8b1, £1.15.0; 5b, £3; JF7 (Boerejeug), £3.8.0; Dr. J. F. J. van Reenen, £2.10.0. **Totaal £210.15.6.**

5 PERSENT
**Belê u Gelde waar dit veilig is!**
**SPOORBONDKAS BEPERK**
Bied aan winsgewende
Beleggings teen die
HOOGSTE RENTEKOERSE
Beleggings word gewaarborg
en verdien die volgende Rentes:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vaste | Deposito | vir | 1 | jaar: | 3 % |
| „ | „ | „ | 2 | „ | 3½ % |
| „ | „ | „ | 3 | „ | 4 % |
| „ | „ | „ | 4 | „ | 4½ % |
| „ | „ | „ | 5 | „ | 5 % |

Doen aansoek by:—
Posbus 8289, JOHANNESBURG.
Posbus 1860, KAAPSTAD.
Posbus 118, BLOEMFONTEIN.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

*Vir Deftige Tabberds*
*Twee-stuk Rokke*
*en Somerhoede*
Kom seker eers na
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda
Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

MARKAGENTSKAP
VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

# *Ou Meester Gesels Oor Die Natuur*

# Dit Reën Paddas

Beste Albertus,

Ek is bly om te hoor van die oorvloedige reëns wat nou eindelik daar by julle uitgesak het. Dit laat 'n mens se hart lekker voel, want daar is seker min dinge wat so kwellend op jou inwerk as die gedagte daaraan dat dier en plant onder die versengende droogte en hitte moet worstel met die natuur.

### RONDE REËNBOOG

Jy skrywe dat dit jou opgeval het daardie agtermiddag na die donderstorm dat jy nognie 'n reënboog gesien het wat 'n volledige sirkel vorm nie. 'n Mens sien hoogstens 'n volledige halfsirkel en meesal net 'n gedeelte van die halfsirkel.

Ek moet erken dat al my kop-krappery my niks verder gebring het nie, en ek moes toe boeke gaan naslaan om 'n verklaring vir jou te vind vir hierdie verskynsel. En laat my byvoeg dat ek sommer diep moes gaan soek. Nou ja, ek het dit gevind, en die verklaring is dat die son, die oog van die waarnemer en die middelpunt van die sirkel wat die reënboog vorm, altyd in 'n reguit lyn sal wees. Jy sal opmerk dat jy altyd presies op die lyn tussen die son en die middelpunt van die reënboog staan. Jy sal nou ook meteen verstaan dat die reënboog betreklik plat sal wees as die son nog hoog sit, en met sonsondergang sal jy, mits jy op 'n gelyk vlakte staan, 'n volledige halfsirkel sien. Meer sal jy onder hierdie omstandighede nie te sien kry nie. As jy egter op die rand van 'n diep afgrond kan staan, sou dit wel moontlik wees om die reënboog in die vorm van 'n volledige sirkel te sien. Dit laat my dink aan die verskynsel wat daar op 'n maanligaand by die Victoria-waterval te sien is. Die kleure van die maan-reënboog is nie baie duidelik te onderskei nie, maar dis tog wel sigbaar. As jy op die rand van die indrukwekkende afgrond teenoor die waterval gaan staan, sal jy 'n reënboog in die vorm van 'n volledige sirkel sien.

### WATER WYS MET STOK

Jy vra wat ek dink van die manier om water aan te wys onder die grond met 'n mikstokkie. Wel, ek moet erken dat jy my eintlik in die hoek het, want wat myself betref is ek geneig om geen waarde daaraan te heg nie omdat ek nog geen bevredigende verklaring daarvoor gevind het nie. Aan die ander kant, egter, kan dit nie sonder meer as onsin bestempel word nie. Dit moet toegegee word dat die mikstokkie sal draai as sommige mense dit hanteer, terwyl dit ongevoelig vir andere is. Dat dit dan ook met 'n geweldige krag na onder buig is nie te betwyfel nie.

As jy my egter vra hoe dit gebeur dat die stokkie draai, moet ek my onkunde erken. Trouens, niemand sou met sekerheid kon waag om die verskynsel te verklaar nie. Daar word weliswaar beweer dat die waterwyser 'n sesde sintuig besit wat hom gevoelig maak vir die trilling wat deur die water onder die grond veroorsaak word. Die mikstokkie sou hom dan net help om sy aanduiding te maak.

Soveel belangstelling het hierdie manier van wateraanwys gewek dat 'n klompie wetenskaplikes dit nodig geag het om die saak grondig te ondersoek. Hulle wou, soos dit 'n wetenskaplike betaam, nie tot ongeregverdigde gevolgtrekkings kom nie, en hulle bevinding was dan ook dat water nie met 'n mikstokkie alleen aangewys kan word nie. Die waterwyser moet wel deeglik die ligging en aard van die grond ook in aanmerking neem.

### REËN PADDAS

Dit is nie net per toeval dat die spreekwoord „Dit reën paddas" ontstaan het nie. Dis ook nie 'n blote verdigsel nie, aangesien die verskynsel al deur verskeie persone waargeneem is. Paddas is al na 'n reënbui ver van enige watervoorraad aangetref. Jy sou seker redeneer dat die paddas maar al die tyd verskuil was in die omgewing waar hulle na die paddareën aangetref is, en dat die reën hulle maar net laat te voorskyn kom het. Ek sou geneig wees om saam te stem met so 'n redenasie.

**Maar wat sal jy sê as visse ook na 'n reënbui ver weg van hulle natuurlike tuistes aangetref word? Hierdie verskynsel is ook al waargeneem, en daar is vasgestel dat hulle onmoontlik kon swem na die plek waar hulle gevind is.**

As jy besef met watter geweldige krag 'n dwarrelwind kan ruk, sal dit nie moeilik wees om te begryp dat so 'n wind water uit riviere en mere kan opsuig, om dit dan ver daarvandaan te laat neerplas op die aarde. Sulke watersuile is dan ook al meermale waargeneem deur seelui.

Die moontlikheid dat visse en paddas en ander waterdiere hulleself bevind in so 'n watersuil is natuurlik ook nie uitgesluit nie.

Beste groete,
Soos altyd,
OU MEESTER.

# *Soektog Na S.A. Omroepers In Duitsland*

'n Spesiale afdeling Suid-Afrikaanse speurders het in Londen aangekom om die bedrywighede van Afrikaners na te speur wat gedurende die oorlog met Duitsland meegewerk het, word berig. Die ondersoek sal plaas vind op bevel van veldm. Smuts.

Die werk sal verskeie maande duur en nadat hulle verslag aan die Eerste Minister gedoen het, sal verdagte persone in hegtenis geneem word. Die speurders sal hulle inligting ontvang van die Britse geheime diens.

Onder die verdagte persone is 'n man en vrou wat gedurende die oorlog uitsendings oor die radio gelewer het. Dit word vermoed dat die Britse owerheid weet waar die persone hulle bevind.

BROSJURE
*„A M A J U B A 1 9 4 6"*
1/- elk.
Gebiedshoofkwartier,
Sanlamgebou 616, Pretoria.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van 20 Febr. 1946.


# Prestasies van die Jeug

## Genl. Van Rooy Doen Verslag op Laertrek

**Die Boerejeug het uit die donkere oorlogsjare as 'n vasberade beweging tevoorskyn getree. 'n Beweging wat reeds koers gevat het en iets uitgevoer het ten spyte van al sy byna onoorkomelike moeilikhede.**

Voor 'n geesdriftige gehoor van 800 Ossewabrandwag-offisiere het ons Jeugleier kort en kragtig die Boerejeug en sy doelstellinge geskets.

Ons grootste hulpbron, die onderwysers, moes ons ontbeer, maar desnieteenstaande het die Boerejeug 'n offisierskorps uit alle range en stande van ons volk opgebou — boere, bouers, prokureurs, huisvroue, moeders, kleremaaksters ens. Daardeur het ons Jeug die voorreg gehad om hulle leiding van mense wat midde in ons volkslewe staan, te ontvang. En vandag kan ons met waardering en trots na hulle verwys. Ons Jeugoffisiere verdien alle lof vir hulle inisiatief en hulle durf onder die moeilikste omstandighede.

Voorts is verwys na ons werkmetodes en laertrekkings en is die O.B. weereens hartlik na sulke verrigtinge uitgenooi.



Genl. Dirk van Rooy

### VRUGTE AFGEWERP

'n Prinsipaal het eendag verklaar: „Prof. Van Rooy, dit is nie vir u nodig om my te sê wie die Boerejeug in my skool is nie. Ek mag dit nie weet nie, maar ek sien dit in elkeen van hulle". Daardie veranderde houding, gedissiplineerde gedrag en keurige gesamentlike optrede wat deurgaans die Boerejeug kenmerk, druk onwillekeurig sy stempel op elke jong lid af.

Watter onderwyser sal nie die fiere, regop houding, hoflike maniere en erkentlikheid teenoor gesag opmerk nie?

Hierdie lewensuitkyk het ten gevolge 'n soort van onverskilligheid t.o.v. partypolitiek. Ons kinders stel intens belang in politiek wanneer dit volkspolitiek en wêreldgebeure is wat niks te doen het met ongedissiplineerdheid, rusies en verskeuring van 'n volk wat partypolitiek kenmerk nie.

'n Geesdriftige Boerejeuglid het eendag sy vader se verlof gevra om 'n vergadering van dr. Malan by te woon. Toe sy vader die aand tuiskom, was hy verbaas om te sien dat die knaap reeds lankal slaap. Die volgende more het hy belangstellend verneem hoe sy seun die verrigtinge gevind het. „Nee, pappie", was sy antwoord, „ek het my te veel vererg. Terwyl daar 'n ou man op die platform 'n toespraak gehou het, het 'n paar mans hier eenkant, geleun teen 'n pilaar, gestaan en gesels. Daar onderkant het 'n paar tannies gestaan en pannekoek bak. Ek het my so vererg vir sulke ongemanierdheid dat ek so gou moontlik padgegee het."

### NOODHULPFONDS

Deur die Boerejeug word by ons kinders praktiese belangstelling in lands- en volksdiens opgewek. Waar kan ons 'n mooier voorbeeld kry as wat die Boerejeug gelewer het deur reeds £1500 vir dié doel bymekaar te gemaak het? Onlangs het die Boerejeug 'n wedstryd van drie maande in dié verband gereël. Vryburg se Boerejeug het hierdeur die Koffiefonteintrofee, deur genl. Chris de Jager geskenk, verower deur oor die £100 in te samel, met Rustenburg kort op sy hakke.

'n Spesiale beroep is op die Ossewabrandwag gedoen om tog die Boerejeug in sy groot opvoedingstaak te steun. Daar is soveel maniere waarop die O.B. sy welwillendheid teenoor ons kan toon en dis die plig van die O.B.-generaals en kommandante(s) om nie die voogdyskap oor sy kinders te verwaarloos nie. Hulle moet toesien dat die Boerejeug-offisiere op hulle staf hul pligte getrou nakom.

### REDDERSLIGA

Die Wolraad Woltemade-Reddingsliga het sy ontstaan agter die doringdraad van 'n interneringskamp gehad, toe genl. Olivier Nel daarmee begin het. Die naam dui reeds die doelstellings van die liga aan. Soos 'n Wolraad Woltemade sy lewe vir sy medemens opgeoffer het, so stel hierdie liga hom ook ten doel om waar hy kan, die lewe van sy naaste te red.

**Reeds het die Boerejeug hierdie pragtige gedagte prakties uitgeleef deur Appel van Aarde se kranige optrede tydens die Franschhoek-laertrek, toe hy elke moontlike poging aangewend het om sy kameraad se lewe te red of sy lyk te vind. Ons, die Boerejeug, is trots om hierdie saak te propageer deur dit self uit te leef.**

### RAAISELANTWOORDE

(Van vorige Uitgawe.)

1. Kafferpot.
2. Kruiwa.
3. Hoendereier.

*Hugo van der Colff.*

## Jeug Bedrywig

PRETORIA. — Die Boerejeug van Moot-Oos (Pretoria) het onlangs 'n geslaagde funksie gehou ten bate van die fondsinsameling vir Vryheidsdag. Die jeug is in hulle poging bygestaan deur die plaaslike Kommandante.

Die funksie, wat die middag en aand geduur het, het baie suksesvol verloop. Behalwe vermaaklike speletjies en allerlei koopware was daar ook 'n tentoonstelling van die jeug se handewerk wat baie aandag en belangstelling geniet het.

Die mooi bedrag van £15 was met hierdie geleentheid vir Vryheidsdag ingesamel. — (Eie Korr.)

## 'n Aangename Tuisbyeenkoms

'n Aangename Saterdagoggend is deur die Rustenburgse Boeredogters deurgebring toe hulle sowat 'n anderhalf myl ver gestap het na een van die dogters se ouerhuis om 'n lesing in kunsnaaldwerk by te woon.

Die groep dogters het vrolik in die lekker warm son gestap en baie gou was hulle daar.

Mev. Guillaume, die Moeder van Sidonie, het die dogters vriendelik ontvang en op heerlike vrugteslaai getrakteer wat werklik verfrissend was na die warm stap.

Nadat almal uitgerus was, het sy aan die dogters van haar eie kunsnaaldwerk getoon en verduidelik hoe sy te werk gaan. Sy het o.a. aan die dogters vertel hoe om hulle eie afstrykpatrone te maak, hoe om hulle eie ontwerpe te maak, watter soort materiaal gebruik moet word en al die verskillende soorte wol, sy en gare wat sy gebruik. Ook het sy vir die dogters die verskillende soort stekies gedemonstreer.

Haar werk is besonder netjies en fyn en lyk werklik meer na 'n skilderstuk as na 'n stukkie kunsnaaldwerk.

Die dogters het die lesing baie interessant en leersaam gevind en sal haar altyd daarvoor dankbaar bly.

### IN MEMORIAM.

HEILA MINNAAR. — Die skielike en tragiese heengaan van ons geliefde vriendin en asst.-veldkornette op die 20ste Januarie weens die val uit 'n vragwa, het sy smartlike merk op ons Veldkornetskap gebeitel. Ons innige meegevoel met ouers en familie. Een vir almal en almal vir elkeen, so ook is u smart ons smart, u verlies ons verlies. — Die Boerejeug, Belfast.

## AMPTELIKE KENNISGEWINGS

(Deur DIE JEUGLEIER)

Die volgende Boerejeug-offisiersopleidingslaer (seuns en dogters) word onder die aandag van offisiere gebring:

GEBIED A: Vanaf 30 Maart tot 7 April 1946 op die plaas van generaal H. J. du Toit, Brandwag, Rhenosterkop. (Boerejeugbevel 1/46).

**Dit is dringend noodsaaklik dat minstens een persoon uit elke O.B.-eenheid van Gebied A die laertrek bywoon.** Belangstellende offisiere en lede van die O.B.-kommando's, asook Boerejeugoffisiere uit Gebied B sal welkom wees. Nadere besonderhede kan van die plaaslike jeugoffisier of Gebiedskantoor verkry word.

## Ywerige Jeugoffisiere





**Jeughoofkommandant H. C. B. du Toit en Jeugkommandante E. du Toit, twee van die ywerigste offisiere van die Boerejeug aan die Witwatersrand. As gevolg van hul onvermoeide ywer, was dit moontlik om op 8 Desember ongeveer 400 lede van die Boerejeug feestelik te onthaal en aan elkeen 'n geskenk te besorg.**

## ONS BLOKKIESRAAISEL Nr. 1



AF:

1. Deel van 'n masjien.
2. Niks.
3. 'n Voorvoegsel.
4. Amper maar nog nie die tiende nie.
5. Die geraamte is daaruit opgebou.
6. Wat die O.B. vir staatsamptenare is.
7. Die Stille . . . (H. A. Fagan).
9. Orige.
11. Noodsaaklik vir visvang.
12. Kies —.
13. Ons Jeugleier.
14. Offisiersrang.
15. Soort vye.
16. Lid van Godsdienstige sekte.
19. Gelyke.
20. Ons sit dit aan pakkies en koffers.
23. Sintuie.
25. 'n Spinnekop het minstens 8.
26. Nie dieselfde nie.
29. Hy vorm bome na sy wil.
33. Van geslag tot geslag (omgekeerd).
35. Baie mense.
37. Oud.
39. Elsabe —.
40. Volksverhuising.
43. Tydperk.
44. Honderd jaar.
46. Geduldig, gedienstig, gedwee.

DWARS:

1. Offisierskenteken.
8. Vir hoë offisiere word dit opgestel.
10. Filologie.
12. Verhoed.
13. Ons Kommandant-Generaal.
15. Asseblief.
17. Neem aan.
18. Ons Volkshelde kom dit toe.
19. Gelofte (meerv.).
21. (Aan)spoor.
22. Stil van geaardheid.
24. Insek.
26. 'n Skilder, tweede in bevel van die O.B.
27. Ras bekend vir sy humorsin.
28. 'n Jaar word daarin opgedeel.
30. Wyse waarop honde hul seer behandel.
31. Mes.
32. Helder of . . . .
34. Volop in koue streke.
36. Speelding.
38. Eienaardige.
41. Die byvoeglike naamwoord van 27.
42. Hulle tuiste is in Rusland.
45. Die skepe van die woestyn.
47. Uitstof.

## Unie Betaal £500 Miljoen

Die totale oorlogskoste van die Unie, insluitende die betalings aan soldate by demobilisasie, was aan die einde van verlede jaar £480,689,874, na die Minister van Finansies in die parlement bekend gemaak het. Die Britse regering skuld die Unie ongeveer £108,684,000 vir goedere gelewer. Die Britse regering het eise teen die Unie van ongeveer £5 miljoen.

# INHOUDLOSE GEKLETS KOS LAND £3 PER MINUUT

## Groot Verkwisting In Parlement

**Dit kos die belastingbetaler van Suid-Afrika nagenoeg £200,000 per jaar om die parlement aan die gang te hou en honderd drie-en-vyftig volksraadslede en veertig lede van die senaat 'n geleentheid te gee om van hulle oortollige woordeskat ontslae te raak, volgens die gegewens verstrek uit die finansiële begroting vir die boekjaar 1944—1945.**

**Dit bring die koste verbonde aan die langste sitting wat die Unie nog beleef het, te staan op £187 per uur of £3 per minuut. Vir 'n normale sitting is die koste per minuut dus nog hoër.**

Onderstaande aanhaling uit Hansard getuig van die feit dat die beroepspolitici van ons land dag na dag die geld van hulle kiesers verspil met hulle seepkis-toesprake, stuitlike tussenwerpsels en kleinlike persoonlike aanvalle.

In Hansard No. 2, 1946, par. 590 staan die volgende:

„Mnr. Serfontein: U moet nie veronderstel nie. U moet na die kiesers gaan. Dit is wat ek gesê het.

Mnr. Robertson: Konstitusioneel moet ons nie voor 1948 of 1949 na die stembus gaan nie. Ons is geregtig om hier te bly tot dan toe, mits ons oortuig is dat ons die vertroue van die land geniet, en ons het dit.

Mnr. Warren: Het u dit gehad in Kimberley en in Wakkerstroom?

Mnr. Robertson: In Kimberley het ons slegs 64 stemme minder gekry as in die algemene verkiesing en die soldate was nog nie almal terug nie.

'n Agbare Lid: Hoe het ons dan so baie stemme gekry?

Mnr. Robertson: Om die eenvoudige rede dat daar mense was wat nie by die vorige verkiesing gestem het nie en wat van die stembus weggebly het.

'n Agbare Lid: Waarom?

Mnr. Robertson: Eenvoudig omdat hulle deur u uitgenooi was. U het 'n deel van u party uitgeskop. Nou wil ek kom by wat die Leier van die Opposisie gesê het. Die agbare Leier van die Opposisie het ons aangeval oor demobilisasie. Hy het gesê dat dit een van die dinge is waarvan ons 'n mislukking gemaak het. Toe die Minister van Demobilisasie gespreek het en besig was om te bewys wat 'n groot sukses demobilisasie was, het die Opposisie gou-gou hiervan weggehardloop en gesê: „gaan in hemelsnaam aan met behuising. U gee ons kort-kort 'n uitklophou." . . . . Die Opposisie het nie van die antwoord gehou nie. Demobilisasie is 'n sukses en hulle hou nie daarvan nie. Dit is ongelukkig dat hulle nou praat van liefde vir soldate en van hoeveel hulle vir die soldate wil doen, maar hulle wil nie graag hoor van die sukses van demobilisasie nie.

Mnr. Louw: Wie sê vir u dat dit 'n sukses is?

'n Agbare Lid: Vertel aan ons wat die sukses is.

Mnr. Robertson: Dit is verkwisting van tyd om aan te hou om dinge te herhaal wanneer mense nie in staat is om dit te begryp nie. Ek weet dat dit met ons soos Dawid, van die Psalms moet wees, en dieselfde ding op 150 verskillende maniere sê sodat dit ingang kan vind in die brein van party van ons vriende aan die oorkant. Hoe dit ook al sy ons het 'n beperkte hoeveelheid tyd tot ons beskikking.

Mnr. S. A. Warren: Ook van verstand.

Mnr. Robertson: Dit baat nie om dit aan agb. vriende daar oorkant te gee nie. Hulle het dit eenvoudig nie. Die fondament moet in elke geval daar wees voordat ons dit aan hulle kan gee.

Mnr. Louw: Vertel ons meer van demobilisasie."

**Dit is die inhoud van die debatte in die Volksraad, daarom kan die probleme wat aan die volk se siel vreet, nie opgelos word nie.**

**Vir hierdie inhoudlose geklets het die belastingbetaler meer as £12 betaal!**

# Indiërs Beroep Hul Op Vreemde Moondhede

Die Indiërgemeenskap van Suid-Afrika het in hul agitasie teen genl. Smuts se voorgestelde wetgewing getoon dat hulle hulself nog as vreemdelinge beskou en dus as sodanig behandel behoort te word. Die regering het die indiening van 'n wetsontwerp beoog wat ten doel het om die Indiërs tot afsonderlike gebiede te beperk waarvoor hulle in ruil verteenwoordiging as groep in die parlement sou kry.

Die Indiër-Kongres in Suid-Afrika het dit verwerp en aangedring op 'n samespreking tussen die Unie- en die Indiese regerings. Genl. Smuts het dit van die hand gewys op grond daarvan dat dit inmenging van 'n buitelandse regering in Suid-Afrikaanse aangeleenthede sal wees.

**Die Indiër-Kongres het gevolglik besluit om propaganda-afvaardigings na Indië, Amerika en Engeland te stuur. Verder gaan hulle die hele Indiese gemeenskap mobiliseer in 'n stryd teen die voorgestelde wetgewing.**

Die reaksie van die pers oor die algemeen was dat die Indiërs in die lig van hul optrede as vreemdelinge behandel moet word. In die regering se eie kringe heers groot verdeeldheid veral oor die toestaan van stemreg. **Gevoel word dat as hierdie reg eers eenmaal gegee is, die Unie onder voortdurende druk sal staan om groter politieke regte aan die Indiërs te verleen.**

# Afskeid Geneem van Offisiere

## Dr. Erika Theron Tree In

**BY GELEENTHEID VAN DIE OFFISIERSLAERTREK IN BLOEMFONTEIN HET GENL. DR. F. D. DU T. VAN ZYL DIE OFFISIERE VAN GEBIED A BYEENGEROEP OM AFSKEID TE NEEM VAN MEV. GENLE. J. S. DU TOIT, WAT WEENS ONVERMYDELIKE PERSOONLIKE REDES MOES UITTREE AS GEBIEDSHOOFVROU.**

Genl. Van Zyl het met waardering gewag gemaak van die uitstaande dienste wat mev. Du Toit vir die Volksbeweging verrig het. Dit is grotendeels aan haar inisiatief en vindingrykheid te danke dat Fondsdag, die Wit Rok van die vroue, en die Vriendskapsentrums vasgewortelde instellings in die O.B. geword het. „Dit is met leedwese dat ons afskeid moet neem van mev. Du Toit as Gebiedshoofvrou", het dr. Van Zyl gesê, „maar ons is dankbaar dat ons steeds in haar 'n getroue brandwag behou en 'n gewaardeerde raadgeefster boonop".

**Die Gebiedsleier het dr. Erika Theron van Stellenbosch aangewys as die opvolgende Gebiedsvrou. Die Gebiedsraad het die aanstelling bekragtig en eenparige vertroue in haar uitgespreek. Dr. Theron het kortliks geantwoord en haar nuwe amp aanvaar.**

### GENL. ANDERSON

Tydens die laertrek het die K.G. aangekondig dat genl. H. Anderson, wat jarelank sy adjudant was, en van wie hy besonder aangename persoonlike herinnerings het, en wat later in die Grootraad gedien het as Inspekteur-Generaal, sy amp neergelê het, ten einde die sakelewe te betree. Dr. Van Rensburg het hulde gebring aan genl. Anderson en sy opofferende diens geloof. Hy het hom

(Vervolg in kol. 3)

(Vervolg van kol. 5)

voorspoed en sukses in sy nuwe betrekking toegewens.

### GENL. DE JAGER

By geleentheid van die laertrek is van nog 'n offisier afskeid geneem. Genl. Chris de Jager, oud-Gebiedsleier van die Vrystaat, gaan vir verdere studie oorsee. Die K.G. het herinner aan genl. De Jager se offers in belang van die republikeinse strewe van ons volk. Die beste wense van die hele O.B. vergesel hom op sy verdere loopbaan, het die K.G. gesê.

# Pretoria Reg Vir Vryheidsdag

**PRETORIA. — Generaalskap F4 (Pretoria) het reeds weer vanjaar se Amajuba-wekroep verneem en is hard besig om te organiseer vir die viering van Vryheidsdag te Klipkoppies, Pretoria op Saterdag, 2 Maart.**

Die plaaslike O.B.-blaasorkes, wat vanjaar weer aan die viering gaan deelneem, is reeds besig om 'n baie puik program vir die geleentheid in die haak te kry. Daar word vanjaar ook 'n groot aantal Boeredogters geoefen in sang om saam met die orkes op te tree.

In elke kommandantskap word ywerig fondse ingesamel en origens hard gewerk om vanjaar 'n groot sukses van die viering van Vryheidsdag te maak. Uit betroubare bron word verneem dat die viering vanjaar enige vorige funksie wat gehou was in die skaduwee gaan stel.

Die Kommandant-Generaal sal, na verwag word, die viering persoonlik bywoon. — (Eie Korr.)

# RUG GEDRAAI OP PARLEMENTARISME



**Die meer as agthonderd offisiere wat uit die hele land afgevaardig was na die laertrek op 7 en 8 Februarie in Bloemfontein. Hulle het 'n nuwe grondslag vir die toekoms gelê. Die groot toejuiging waarmee hulle prof. L. J. du Plessis se advies ontvang het, nl. dat die geheim om te kry wat ons wil hê is om af te sterf wat ons het, is bewys dat hulle die rug vir goed op die parlementêre twisstelsel gedraai het.**